SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

SPORTSKIET KOMPETISIES 2024: STREEK EN NASIONAAL

20M HANDWAPEN

20M HANDWAPEN

20M SENTERSLAG PISTOOL (SG01-A)
20M SENTERSLAG REWOLWER (SG01-B)
20M RANDSLAG PISTOOL (SG01-C)
20M RANDSLAG REWOLWER (SG01-D)
20M LUGPISTOOL (SG01-E)
20M HANDWAPEN OPE KLAS (SG01-F)

1. Inleiding

Die skietoefening is in die lewe geroep om aan alle lede van die SA Jagters- en Wildbewarings-vereniging, veral lede met toegewyde sportskutstatus, die geleentheid te bied om met senter- en randslagpistole of -rewolwers, lugpistole of ope klas handwapens aan die skietoefening deel te neem. Die skietdissipline sluit wapentipes in waarvoor daar nie tradisionele jagverwante skietoefeninge bestaan nie en gee lede 'n kans om hierdie wapens te gebruik as deel van die Vereniging se georganiseerde sportskietaktiwiteite.

'n Verdere doel van hierdie skietdissipline kan ook wees as 'n intreevlak vir handwapeneienaars wat nie ervare sportskuts is nie om veilgheid, vaardigheid en akkuraatheid met hierdie handwapens te ontwikkel as deel van die Vereniging se georganiseerde sportskietaktiwiteite.

2. Streekvlak

Om te kwalifiseer vir SAJWV streek sportskietkleure moet 'n skut aan die volgende kriteria voldoen:

2.1 Skuts moet aan minstens een streekskietkompetisie deelneem.

2.2 Moet in ten minste 3 van die 6 skietoefeninge 'n minimum telling van 160 uit 200 punte (80%) per skietoefening behaal.

2.3 Moet 'n minimum gesamentlike kwalifiserende totaal van 480 uit 600 punte (80%) of meer behaal.

MEDALJES	
STREEK	**NASIONAAL**

3. Nasionale vlak

3.1 Deelname: ‘n Deelnemer wat op streekvlak aan ‘n geregistreerde sportskietoefeninge van die SAJWV deelgeneem het, en die Top 50 streekranglys haal, word na die Sportskietkampioenskappe genooi om deel te neem in die skietoefening waarin hy/sy gekwalifiseer het.

3.2 Nasionale kleure: Deelnemers moet kriteria uiteengesit vir streekkleure behaal en verwerf:

3.2.1 SAJWV nasionale sportskietkleure indien streekkleure vir die betrokke jaar reeds verwerf is;

3.2.2 SAJWV Streek sportskietkleure: Indien streekkleure nie reeds vir die betrokke jaar verwerf is nie.

3.3 Aggregaat wenners: Tydens die nasionale kampioenskappe word die volgende aggregaat tellings in ag geneem om die plekwenners vir die Goud, Silwer en Brons medaljes daarvoor te bepaal:

3.3.1 Standaard Aggregaat: vir die 22 randslag rewolwer en -pistool en senterslag rewolwer en -pistool klasse. Die tellings van die vier klasse vir elke deelnemer word bymekaargetel en deelnemers in die eerste, tweede en derde plek is die medaljewenners vir hierdie aggregaat;

3.3.2 Ope aggregaat: vir die lugpistool en ope-klas. Die tellings vir die twee klasse word bymekaargetel en die deelnemers in die eerste, tweede en derde plek is die medaljewenners vir hierdie aggregaat;

4. Handwapenklasse, kalibers en visierradius

4.1 **Senterslag:** Pistool of rewolwer met ‘n maksimum visierradius van 25cm word gemeet van visier sigvlak na korrel sigvlak

4.2 **Randslag:** Pistool of rewolwer met ‘n maksimum visierradius van 25cm word gemeet van visier sigvlak na korrel sigvlak

4.3 **Lugpistool:** Geen beperking op kaliber en looplengte nie.

4.4 **Handwapen Ope:** Pistool of rewolwer van enige kaliber sonder ’n beperking op looplengte, kaliber of visiertipe.

4.5 **Randslagammunisie:** Slegs .22 LR en .22 kort randslag ammunisie word toegelaat.

5. Visiere, verkykers en *spotting scopes*

5.1 Visiertipe 1

20m Senterslag Pistool
20m Senterslag Rewolwer
20m Randslag Pistool
20m Randslag Rewolwer
20m Lugpistool

Slegs oop visier

5.2 Visiertipes 2

20m Handwapen Ope klas

5.2.1 ‘n Laser wat op ‘n teiken projekteer word nie toegelaat nie.

5.2.2 Die volgende visiertipes word toegelaat:

 Elektroniese optiese visier

Gaatjievisier

Oop visier

Teleskoop

5.3 Handwapens met “*ported*” lope (ingeboude tromprem) word toegelaat indien die wapen oorspronklik so vervaardig is maar dan moet sorg gedra word dat naburige skuts nie verontrief word nie.

5.4 Skuts mag verkykers of *spotting scopes* gebruik om skootplasing te bepaal en verstellings mag gemaak word gedurende die skietoefening. Geen skuts gaan vorentoe om teikens te inspekteer nie

5.5 Geen afrigting of bystand mag deur enige tweede persoon verskaf word nie.

6. Skietprosedure

6.1 Die Baanoffisier of tydhouer neem die tyd met ‘n stophorlosie

6.2 Oog- en oorbeskerming moet gebruik word – ook deur toeskouers binne 20m van die skietpunt aangesien terugslagkoeëls ‘n probleem kan wees

6.3 Afstand: 20m

6.4 Aantal skote: 20 skote in 4 reekse van 5 skote elkeen in 2 minute met ‘n een minuut rusperiode tussen elke reeks.

6.5 Baanoffisiere moet tussen proefskote en elke reeks van 5 skote die teikens gaan inspekteer om te verseker dat net die korrekte aantal telskote op die teiken is en dat skuts nie op mekaar se teikens skiet nie

6.6 Skietposisie:

- Vryhand staan, sonder enige bykomende ondersteuning - skuts mag nie teen skietpunt/tafel rus nie
- Een of beide hande op pistoolgreep (dubbelhandgreep toelaatbaar). Vinger op snellerbeuel toelaatbaar by pistole, **maar** agter die snellerbeuel by **rewolwers**. Sien (C) hieronder.
- Arms uitgestrek (B)

6.7 ‘n Tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak vir die skut se handwapen/toerusting word sterk aanbeveel.

6.8 Veiligheid: die handwapen se loop moet te alle tye in ’n veilige rigting (rigting van die teiken) wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die visiere op die teiken is.

6.9 Gereedposisie: Handwapen gelaai, gereed in hand en met die loop wat te alle tye in ’n veilige rigting (rigting van die teiken) wys, die loop teen 45 grade na die grond en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die bevel “vuur” gegee is en die visiere op die teiken is:



Vinger op snellerbeuel toelaatbaar by pistool - nie toelaatbaar by rewolwer nie!

6.10 Skietoefening en bevele:

6.10.1 Voorbereiding:

- **Bevel 1:** "*Skuts na die skietpunt, handwapens bly in sakke, tasse of holsters tot verdere bevele"*
- **Bevel 2:** "*Die baan is gesluit (toe)"*
- **Bevel 3:** "*Haal uit, verklaar en wys veilig*"
- Die skut ontlaai die handwapen, plaas dit voor hom op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak en verklaar "*veilig*". Pistole: haal die magasyn uit en plaas die pistool met 'n oop aksie en magasyne apart elkeen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak. Rewolwers: maak die rewolwer se silinder oop en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die rewolwer op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak met oop silinder. Enkelaksie handwapen: maak die aksie oop en verwyder patroon/leë dop uit die kamer en plaas die handwapen met die aksie oop op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak. Grendelaksie handwapens: maak grendel oop en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die wapen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak met oop grendel. Breekaksie: breek aksie en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die wapen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak met oop/gebreekte aksie.
  - Die skut neem stelling in agter die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak by die skietpunt
  - Die baanoffisier beklemtoon dat die handwapen se loop te alle tye in 'n veilige rigting (rigting van die teiken) moet wys tydens alle herlaai-aksies of storings, en dat die snellervinger altyd buite die snellerbeuel moet wees totdat die visiere op die teiken is;

- **Skietoefening**; Die Baanoffisier verduidelik die skietoefening aan die skut/s:

  skuts kry 5 minute vir onbeperkte proefskote. Die Baanoffisier moet spesifiek die Gereedposisie verduidelik aan skuts soos volg: Gereedposisie: Handwapen gelaai, gereed in hand en met die loop wat te alle tye in veilige rigting (rigting van die teiken) wys, die loop teen 45 grade na die grond en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die bevel "vuur" gegee is en die visiere op die teiken is
  - Die skietoefening bestaan uit 20 telskote in 4 reekse van 5 skote, elke reeks in twee minute;
  - 'n een minuut rusperiode elke keer tussen proefskote en die 4 reekse skote;
  - verkykers of *spotting scopes* mag gebruik word om skootplasing te bepaal en verstellings mag gemaak word gedurende die skietoefening;
  - Geen skuts gaan vorentoe om teikens te inspekteer nie.
- **Bevel 4:** *"Neem skietposisie in"*
- **Bevel 5:** *"Oog- en oorbeskerming"*

6.10.2 Proefskote: "*Skuts het 5 minute tyd vir onbeperkte proefskote*

Verduidelik Gereedposisie: Handwapen gelaai, gereed in hand en met die loop wat te alle tye in veilige rigting (rigting van die teiken) wys, die loop teen 45 grade na die grond en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die bevel "vuur" gegee is.

- **Bevel 6***: "Laai en maak gereed"* **Gereedposisie:** I*s vuurwapen gelaai, wapen 45° in hand in rigting van skietwal. Vinger op snellerbeuel, nie op sneller nie.*

- **Bevel 7***: "Is almal gereed?" ?"* (indien 'n skut nie gereed is nie, word *"nie gereed"* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8***: "Almal is gereed. Staan by."*
- **Bevel 9***: "Vuur!"*
  - Skiet 'n onbeperkte aantal proefskote in 5 minute
- **Na 5 minute tydsverloop**
- **Bevel 10**: "*Stop!"*
- **Bevel 11***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Die skut ontlaai die handwapen, wys veilig vir baanoffisier en plaas dit voor hom op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak en verklaar "*veilig*". Pistole: haal die magasyn uit en plaas die pistool met 'n oop aksie en magasyne apart elkeen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak. Rewolwers: maak die rewolwer se silinder oop en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die rewolwer op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak met oop silinder. Enkelaksie handwapen: maak die aksie oop en verwyder patroon/leë dop uit die kamer en plaas die handwapen met die aksie oop op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak
  - Die skut bly in posisie agter die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak by die skietpunt. Mag wel op stoel sit agter skietpunt.
- **Een minuut rusperiode –** magasyne en spoedlaaiers mag nou gelaai word, maar word eenkant gehou en nie in wapens geplaas nie. Slegs op bevel van die Baanoffisier mag magasyne in pistole geplaas word en die aksie toegemaak word en silinders van rewolwers gelaai en toegemaak word.

6.10.3 Eerste reeks van 5 telskote: *"Skuts se eerste reeks van 5 skote in 2 minute"*

- **Bevel 5:** *"Oog- en gehoorbeskerming"*
- **Bevel 6***: "Laai en maak gereed"* **Gereedposisie:** Handwapen gelaai, gereed in hand en met die loop wat te alle tye in veilige rigting (rigting van die teiken) wys, die loop teen 45 grade na die grond en die snellervinger moet altyd buite die snellerbeuel wees totdat die bevel "vuur"gegee is..
- **Bevel 7***: "Is almal gereed?" ?"* (indien 'n skut nie gereed is nie, word *"nie gereed"* uitgeroep en die skut kry addisionele tyd om gereed te maak)
- **Bevel 8***: "Almal is gereed. Staan by."*
- **Bevel 9***: "Vuur!"*
- **Na 2 minute tydsverloop**
- **Bevel 10**: "*Stop!"*
- **Bevel 11***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Die skut ontlaai die handwapen, wys veilig vir baanoffisier en plaas dit voor hom op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak en verklaar "*veilig*". Pistole: haal die magasyn uit en plaas die pistool met 'n oop aksie en magasyne apart elkeen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak. Rewolwers: maak die rewolwer se silinder oop en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die rewolwer op die tafel, enige ander

werksoppervlak of pistoolsak met oop silinder. Enkelaksie handwapen: maak die aksie oop en verwyder patroon/leë dop uit die kamer en plaas die handwapen met die aksie oop op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak. Grendelaksie handwapens: maak grendel oop en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die wapen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak met oop grendel. Breekaksie: breek aksie en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die wapen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak met oop/gebreekte aksie.

- Die skut bly in posisie agter die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak by die skietpunt. Mag wel op stoel sit agter skietpunt.

- **Een minuut rusperiode –** magasyne en silinders mag nou gelaai word, maar word eenkant gehou en nie in wapens geplaas nie. Slegs op bevel van die Baanoffisier mag magasyne in pistole geplaas word en die aksie toegemaak word en silinders van rewolwers gelaai en toegemaak word.

6.10.4 Tweede reeks van 5 telskote in 2 minute

- Herhaal skietoefening en bevele soos by 6.10.3 vir die voltooiing van die reeks skote

6.10.5 Derde reeks van 5 telskote in 2 minute

- Herhaal skietoefeninge en bevele soos by 6.10.3 vir die voltooiing van die reeks skote

6.10.6 Vierde reeks van 5 telskote in 2 minute

- Herhaal skietoefening en bevele soos by 6.10.3 vir die voltooiing van die reeks skote
- **Bevel 12***: "Stop!"*
- **Bevel 13***: "Ontlaai, maak veilig"*
  - Die skut ontlaai die handwapen, plaas dit voor hom op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak en verklaar "*veilig*". Pistole: haal die magasyn uit en plaas die pistool met 'n oop aksie en magasyne apart elkeen op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak. Rewolwers: maak die rewolwer se silinder oop en verwyder alle patrone/leë doppe en plaas die rewolwer op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak met oop silinder.

    Enkelaksie handwapen: maak die aksie oop en verwyder patroon/leë dop uit die kamer en plaas die handwapen met die aksie oop op die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak.
  - Die skut bly in posisie agter die tafel, enige ander werksoppervlak of pistoolsak by die skietpunt.

- **Bevel 14:** *"Wys veilig"*
  - Die Baanoffisier bevestig dat die wapen veilig is
- **Bevel 15**: "*pak weg"*
- **Bevel 16:** *"Die baan is veilig, tel doppies op en ontruim die skietpunt"*

6.10.7 **Tellingberekening:** Die totale punte telling wat behaal kan word is 200 bestaande uit 4 skietoefeninge
van 5 skote elkeen (20 skote x 10 punte = 200 punte totaal)

7. Teikens

7.1 Teiken S01: Swart kol gedruk op karton van presies 59cm x 59cm

7.2 Alternatiewe teiken: S01 insert A – A3 grootte - ook vir inskiet

7.2.1 Op streekvlak – indien die die S01 insetsel op streekvlak gebruik word moet dit saam met die volgrootte

S01 teiken as agtergrond gebruik word om die telling van 1 tot 10 ringe in ag te neem vir tellingdoeleindes;

7.2.2 Op nasionale vlak word net die S01 insetsel gebruik en word net die 6 tot 10 ringe in ag geneem vir tellingdoeleindes



Alternatiewe teiken vir die S01 - S01 insert A (insetsel)

7.3 **<u>S01-P A4 Inskietteiken op takvlak</u>**

(Laai af vanaf www.sahunters.co.za - Sportskietdokumente**)**

Kan gebruik word op takvlak as inskietteiken om koste te bespaar.

8. Lynskote en gebruik van kaliber meetplaatjie:

Vergroot



- Waar die lyn van die kaliber meetplaatjie, die telring breek of aan die telring raak, word die hoër waarde toegeken.
- Voorbeeld: waarde van hierdie skoot word as 8 gereken

Kaliber meetplaatjie:

9. Tellingadministrasie

'n Erkende SAJWV skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis stuur. Skuts wat in die sportskietoefeninge kwalifiseer vir lapkentekens kan dit by die tak se skietverteenwoordiger aanvra wat dit by die nasionale kantoor bestel.

10. Lapkentekens (Skietbalkies)

Brons: 120 uit 200

Silwer: 140 uit 200

Goud: 160 uit 200